Afrikaans Tweede Addisionele Taal
Assesseringstaak: Gesprekvoering - dialoog
Graad 10 - 12

Leeruitkoms: Luister en praat.

Assesseringstandaarde:

- toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes.
- beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot en ekspressief aan te bied.
- toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings.

Assessering: Rubriek (Gebruik Assesseringsriglyne vir Tale, Departement van Onderwys, 2008)

Opdrag 1

Werk in pare en voer die volgende opdrag uit.

Jy het jou Afrikaans assesseringstaak by die huis vergeet. Vra die onderwyser om verskoning en verduidelik ook hoekom jy die taak by die huis vergeet het. Die leerder wat die onderwyser is, moet kwaad wees en die leerder mag nie sommer vergewe word nie.

Kriteria:

- Jou dialoog moet deeglik beplan wees.
- Jy moet die regte taalhandelinge volg.
- Jou aanbieding moet vloeiend en vaardig wees.
- Die register en styl moet informeel wees.
- Jy moet ook duidelik praat en jou aanbieding moet met vrymoedigheid wees.
- Julle moet elkeen sewe maal praat.

AAN DIE ONDERWYSER: Die volgende taalhandelinge is belangrik vir hierdie taak. Dit moet eers aan die leerder geleer word voordat dit geassesseer kan word.

Om verskoning te vra:

- Ekskuus...
- Ek is so jammer
- Verskoon my asseblief...
- Sal jy my vergewe ...
- Jammer ...

Om woede uit te spreek of om te raas:

- Mannetjie jy soek my...
- Pasop vir jou!
- Moenie dat dit weer gebeur nie.
- Bewaar jou siel as dit weer gebeur.
- Ek kan slange vang...
- Ek is briesend kwaad/baie kwaad ...

Opdrag 2

Werk in pare.

Jy is die aanbieder van 3-talk. Voer ’n onderhoud met EEN van die volgende persone:

Oprah Winfrey
Die kaptein van Bafana-Bafana
Lucky Dube

Kriteria:

- Julle dialoog moet deeglik beplan wees.
- Julle aanbieding moet vloeiend en vaardig wees
- Die register en styl moet by die opdrag pas.
- Julle moet ook duidelik praat.
- Julle aanbieding moet met vrymoedigheid wees.

Opdrag 3

Berei EEN van die volgende dialoë voor. Jy en jou maat moet elkeen 6 maal praat.

- Voer ’n onderhoud met ’n baie bekende ragae ster.
- Voer ’n onderhoud met die nuwe skoolhoof oor sy planne vir die skool.
- Jy en jou ouers bots oor die gebruik van jou selfoon en omdat jy so baie M-it.
- Jy wil jou eie bankrekening open.

Kriteria:

- Jou dialoog moet deeglik beplan wees.
- Jou inleiding en slot moet interessant wees.
- Jou aanbieding moet vloeiend en vaardig wees en die register en styl moet by die opdrag pas.
- Jy moet ook duidelik praat en jou aanbieding moet met vrymoedigheid wees.

Opdrag 4

Werk in pare en voer die volgende opdrag uit.

Daar is ’n nuwe seun/dogter in julle klas. Stel hom/haar aan die klas voor. Vra hom/haar ook vanwaar hy/sy kom en van watter skool hy/sy kom. Hy/sy moet jou ook meer van haar/sy ou skool vertel.

Kriteria:

- Jou dialoog moet deeglik beplan wees.
- Jy moet die regte taalhandelinge volg.
- Jou aanbieding moet vloeiend en vaardig wees.
- Die register en styl moet informeel wees.
- Jy moet ook duidelik praat en jou aanbieding moet met vrymoedigheid wees.
- Julle moet elkeen sewe maal praat.

AAN DIE ONERWYSER: Die volgende taalhandelinge is belangrik vir hierdie taak. Dit moet eers aan die leerder geleer word voordat dit geassesseer kan word.

Om iemand voor te stel:

- Ontmoet vir ....

Wat antwoord iemand daarop:

- Aangename kennis...

Opdrag 5

Berei EEN van die volgende gesprekke tussen jou en ’n maat voor. Julle moet elkeen 5 maal praat.

- Jou maat se ouma is onlangs oorlede. Simpatiseer met hom/haar.
- ’n Nuwe leerling het by die skool ingeskryf. Stel jou aan hom/haar voor en vra hom/haar waar sy/hy vandaan kom.
- Jy koop groente by die groentehandelaar en kom agter dat jy nie genoeg geld het nie.
- Jy kan nie Saterdag saam met die sokkerspan gaan nie. Verduidelik aan jou maat hoekom jy nie kan saamgaan nie.
- Vra ’n meisie/seun om saam met jou na die skool se matriekafskeid te gaan.
- Jou maat is in die hospitaal en jy gaan by haar kuier. Vra hom/haar hoe dit gaan.

Kriteria:

- Jou dialoog moet deeglik beplan wees.
- Jou inleiding en slot moet interessant wees.
- Jou aanbieding moet vloeiend en vaardig wees en die register en styl moet by die opdrag pas.
- Jy moet ook duidelik praat en jou aanbieding moet met vrymoedigheid wees.

Mari Smit (Vakadviseur, Vrystaat Onderwysdepartement, 2008)

Afrikaans Tweede Addisionele Taal
Assesseringstaak: Gesprekvoering – Rolspel
Graad 10- 12

Leeruitkoms: Luister en praat.

Assesseringstandaarde:

- toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes.
- beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot en ekspressief aan te bied.
- toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings.

Assessering: Rubriek (Gebruik Assesseringsriglyne vir Tale, Departement van Onderwys, 2008)

Opdrag 1

Werk in pare en voer die volgende opdrag uit.

Jy het Saterdagaand na 'n Hip-Hop sanger gaan luister en was nie 11nm by die huis soos wat jou pa gesê het nie. Jou pa is baie kwaad vir jou. Rolspel die gesprek tussen jou en jou pa. Onthou dat jy jou om verskoning moet vra en dat jou pa baie kwaad is.

Kriteria:

- Jou rolspel moet deeglik beplan wees.
- Jy moet die regte taalhandelinge volg.
- Jou aanbieding moet vloeiend en vaardig wees.
- Die register en styl moet informeel wees.
- Jy moet ook duidelik praat en jou aanbieding moet met vrymoedigheid wees.
- Julle moet elkeen sewe maal praat.

AAN DIE ONDERWYSER: Dit is baie belangrik dat die leerder die regte taalhandelinge geleer word. Die volgende sinsdele is baie belangrik vir hierdie taak:

Om verskoning te vra:

- Ekskuus pa, ek is baie jammer ...
- Ek is so jammer pa maar ...
- Sal Pa my vergewe...
- Jammer ...

Om te raas of woede uit te spreek:

- Mannetjie jy soek moeilikheid.
- Pas op vir jou!
- Ek is briesend kwaad/baie kwaad.
- Moenie dat dit weer gebeur nie.
- Bewaar jou siel as dit weer gebeur.
- Ek kan slange vang ...

Opdrag 2

Werk in pare en rolspeel die volgende opdrag.

Die fliek Jerusalema wys by Sterkinekor. Nooi 'n maat om saam met jou te gaan en gee ook 'n rede hoekom hy/sy moet saamgaan.

Jou maat wil nie saamgaan nie en weier jou uitnodiging. Hy/sy moet redes gee hoekom hy/sy nie wil saamgaan nie.

Oorreed nou jou maat om saam te gaan.

Kriteria:

- Julle rolspel moet deeglik beplan wees.
- Julle moet die regte taalhandelinge volg.
- Julle aanbieding moet vloeiend en vaardig wees.
- Die register en styl moet informeel wees.
- Julle moet ook duidelik praat en julle aanbieding moet met vrymoedigheid wees.
- Julle moet elkeen sewe maal praat.

AAN DIE ONERWYSER: Die volgende taalhandelinge is belangrik vir hierdie taak. Dit moet eers aan die leerder geleer word voordat dit geassesseer kan word.

Om iemand uit te nooi:
- Wil jy nie saamkom nie...
- Is jy nie lus om saam ....
- Hoe lyk dit wil jy nie saam...

Om ‘n uitnodiging te weier:
- Ek is baie jammer, maar ...
- Ek sou baie graag wou saamgaan, maar...
- Ag, ek is so jammer, maar...
- Ek is so spyt, maar,
- Aai ek voel vreeslik sleg, maar

Om iemand te oorreed:
- Jy moet probeer kom ...
- Dit gaan ’n wonderlike fliek wees...

Opdrag 3

Berei EEN van die volgende rolspele voor. Jy en jou maat moet elkeen 6 maal praat.

- Koop ’n rok/ pak klere vir die matriekafskeid by ’n klerewinkel.
- Jou huiswerk is nie gedoen nie. Verduidelik vir jou onderwyser hoekom jy nie jou huiswerk gedoen het nie.
- Die polisie het jou voorgekeer omdat jy gevaarlik bestuur het. Verduidelik aan hulle hoekom jy so gery het.
- Jy het in Johannesburg verdwaal en vra vir ’n taxibestuurder om jou te help.

Kriteria:

- Jou dialoog moet deeglik beplan wees.
- Jou inleiding en slot moet interessant wees.
- Jou aanbieding moet vloeiend en vaardig wees en die register en styl moet by die opdrag pas.
- Jy moet ook duidelik praat en jou aanbieding moet met vrymoedigheid wees.

Mari Smit (Vakadviseur, Vrystaat Onderwysdepartement, 2008)